Geleentheidsrede

# Afrikaans in 'n nuwe bedeling[1]

Hans du Plessis
ATKV-skryfskool
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

Ek kon die titel van ons gesprek vanaand seker ewe goed 'Afrikaans na volgende week' genoem het, want die nuwe bedeling is op ons. Ek dink die heel gevaarlikste begin vir my praatjie (en vir Afrikaans se begin in die nuwe bedeling) moet juis in 'n pessimistiese, klaar-gehensop-benadering lê. Dit is nie die nuwe bedeling wat die land bedreig nie, dit is juis die swartgallige voorspellings dat alles tot niet is wat 'n toekoms onleefbaar maak. Dit is ons eie wantroue in 'n toekoms wat my bekommer. Dit is al asof ons Christelikheid net met ons verlede verband moet hê, asof die Christelike boodskap net met die hede te make het, en niks vir die toekoms kan beteken nie.

## 1. Menseregte en taalregte

As ek dan praat oor Afrikaans na volgende week, dan praat ek beslis oor 'n taal wat van Woensdag 27 April 1994 af moet begin leef, en hy moet in my en jou wat Afrikaans is leef. As ons hom van hier af nie gaan laat leef nie, dan is Afrikaans daarmee heen, en ek is dan saam daarmee heen. Want: uiteindelik is ek wat ek praat. Ek is in wese net dit wat ek in en deur Afrikaans kan wees. Taal, en dit is iets waaroor daar onder taalkundiges eenstemmigheid is, taal is jou identiteit. Taal is die ding waarin jy jou menswees moet uitleef. Ons moet dalk minder oor die definisie van Afrikaans en Afrikaner wonder, en ophou sake uitmaak vir die taal se voortbestaan en vir die volk se voortbestaan na 27 April. Die vraag waarom dit behoort te gaan, is: wat gaan van my, mens, oorbly? Gaan ek toegelaat word om myself in 'n nuwe bedeling te wees? Is dit nie die wese van 'n handves van menseregte nie: die inskryf van 'n waarborg dat ek, individu, myself mag bly? Met my eie vertroues, wantroues, geloof en ongeloof.

1 Toespraak gehou op 20 April 1994 voor die PU-Dameskring.

En as dit so is, is die wesensdeel van myself die feit dat ek myself dan deur middel van 'n spesifieke taal is. Natuurlik kan ek dit ook in 'n ander taal uitdruk, maar dit is nie regtig die vraag nie. Vir my is die vraag: hoekom moet ek sit en toelaat dat iemand anders my dwing om van intellektuele vervoermiddel te verwissel? Hoekom moet ek sit en gelate aanvaar dat iemand anders oor my identiteit en oor my menswees moet besluit? Of die iemand anders dan 'n regering, 'n akademie of 'n kultuurorganisasie of 'n politieke party is, maak nie saak nie. Kortom: hoekom moet 'n mens sit en toekyk hoe jy in iemand anders verander word? Kom ons aanvaar dit dan as uitgangspunt: as iemand van my verwag om in die nuwe bedeling te verander in iets anders as Afrikaans, dan verwag hy of sy van my om iemand anders te word. Dit is waarom die argument gaan: ek is nie bang vir 'n werklike demokrasie nie, ek is nie bang vir 'n bedeling waarin daar nie meer plek vir kolonialisme of rassisme is nie, maar ek weier om deel van die nuwe bedeling te wees in iets anders as in Afrikaans. Eenvoudig omdat dit die medium is waarin ék myself kan wees en waarin ék myself intellektueel kan uitleef. Daarmee vra ek van niemand anders om Afrikaans te word of selfs te bly nie, maar ek eis vir myself die basiese mensereg op om te wees wat ek is.

Daarom is my argumentasie vanaand nie 'n emosionele argumentasie nie, want emosie is per definisie nie logies nie, en ek wil graag logies bly in my beredenering verder aan. Natuurlik kan ek nie onemosineel oor moedertaal wees nie, niemand kan nie, maar ek kan my emosie logies beheer, omdat die argumente vir die voortbestaan van taal nie net op die emosie gegrond is nie.

As ek dan oor Afrikaans se toekoms redeneer, moet daar ten spyte van die emosionele ook die rasionele begronding wees, want hoe en of tale bly voortbestaan, kan juis binne die koue wetenskap van die taalbeplanning beredeneer word.

Kom ons plaas dan eers die emosionele kwessies binne die harder werklikheid van die wetenskap: hoekom oorleef 'n taal; hoekom groei hy en hoekom gaan hy dood (of moet 'n *moeder*taal 'n sy wees)? Nou goed dan: wat laat haar groei, of wat laat haar kwyn?

## 2. Faktore wat 'n taal se toekoms bepaal

Daar word redelik algemeen in die teorie van taalbeplanning aanvaar dat daar drie stelle faktore is wat 'n taal se toekoms bepaal: die getalle wat die taal gebruik, die funksies wat sy vervul en dan die houdings oor die betrokke taal. Natuurlik is die drie stelle onderling verweef, maar laat ons ter wille van die argument afsonderlik daarna kyk.

## 2.1 Die grootte van die taalgemeenskap

In die eerste plek is 'n taal se toekoms direk afhanklik van die grootte van die taalgemeenskap. Met ander woorde, hoe meer mense 'n taal gebruik, hoe rooskleuriger is sy toekoms. Kyk dan na Afrikaans as u wil: dit is naas Engels (en nie ná Engels nie) verreweg die grootste taal in Suid-Afrika. Daar is naamlik meer as 16 miljoen mense wat die taal op een of ander manier gebruik. Dit is 43% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking. Verder is Afrikaans na Zoeloe en Xhosa die derde grootste moedertaal in Suid-Afrika. Daar skort dus met die taalgemeenskapsgrootte van Afrikaans niks nie. En daar bestaan geen aardse rede hoekom daar na die verkiesing skielik minder as 16 miljoen gebruikers van Afrikaans sal wees nie.

As 'n mens nog verder oor getalle wil praat, is dit ook belangrik om te onthou dat daar omtrent tien miljoen gebruikers van Afrikaans is wat nie moedertaalsprekers van Afrikaans is nie. Meer nog: tel die gebruikers van Namibië by, en bereken die moontlike verstaners daarvan in België en Nederland en ons praat van 'n taal met 'n goeie 50 miljoen gebruikers – selfs in wêreldterme 'n groot taal.

## 2.2 Taalfunksies

Hierby kan 'n mens dan na die ander stel toekomsbepalende faktore kyk, naamlik funksies. Enige taal wat bestaan en wil bly bestaan, moet die lae en die hoë funksies van taal vervul. Die lae funksie is byvoorbeeld dat dit omgangstaal is, geselstaal. 'n Taal, soos Latyn, wat nie die lae funksie vervul nie, is 'n sogenaamde dooie taal. Dié van ons wat oor Afrikaans se laefunksievervulling twyfel, hou nie met die werklikheid rekening nie, of het Afrikaans (ten skreiende onreg) gaan vereng tot die Afrikaans wat 'n stuk of twee miljoen wit mense praat. Gaan toer maar in die land waar jy wil: Afrikaans leef in die mond van die gewone mense.

Ook wat die hoë funksies betref, floreer Afrikaans: hy is taal van die onderwys, wetenskap, kerk, gereg, politiek, ekonomie, noem maar op.

Eintlik moet Afrikaans dan 'n skittertoekoms te hê. Nou vir wat kies ons dan alewig die voortbestaan van Afrikaans as onderwerp vir al wat toespraak of debat is? Ek is bevrees omdat 'n mens oor 'n ding met 'n seker toekoms nie danig praat nie. Wonder iemand ooit of vlieë sal voortbestaan? Nee, niemand praat daaroor nie, want niemand dink vlieë se toekoms word bedreig nie.

## 2.3 Houdings

As dit dan so goed gaan met Afrikaans se getalle en se funksies, waaroor kerm jy dan, mag u vra. Ek kerm oor die derde stel faktore wat tale se groei of kwyn

bepaal, naamlik houdings. En as ek van houdings praat, bedoel ek spesifiek *nie* die houdings van nie-Afrikaanssprekendes nie. Dis nie die Engelse of die Tswanas of die Hollanders wat Afrikaans se toekoms bedreig nie. Die grootste bedreiging vir die toekoms van Afrikaans is sy eie mense. Afrikaans sou 'n blink toekoms gehad het na die verkiesing as dit net nie vir die Afrikaanse moedertaalsprekers was nie! Ek en jy wat Afrikaans ons moedertaal noem, is besig om Afrikaans se toekoms duister en morbied te maak.

Want ons, nie die ander mense nie, wil mos almal daarvan oortuig dat dit klaar is met Afrikaans as daar 'n ander regering in Suid-Afrika is. Dit is nie die Engelssprekende politici wat Afrikaans hom sy gevestigde funksie as politieke taal ontneem het nie, dis die Afrikaanse politici. Dit is nie Engelssprekende wetenskaplikes wat nou skielik die wêreld vol bulder dat Engels die wetenskapstaal in Suid-Afrika is nie, dit is wetenskaplikes van die Afrikaanse universiteite wat te treurig is om standpunt in te neem as die Afrikaanssprekendes van die RGN Afrikaans sy funksie as wetenskapstaal ontneem.

Dit is ek en jy wat sienderoë toegelaat het dat die SAUK Afrikaans sommer by die voordeur uitdra. Want: om een of ander duister rede het ons begin glo dat 'n taal wat hoë funksies verloor, soos dié van die politieke onderhandeling, verkiesingskommissies, taal van verhandelings , onderrigtaal van universiteite of dié van die media, aan status kan wen.

En hoe verkeerd is dit nie. Om eenvoudig te wees: as Afrikaans nie meer die interne taal van die ABSA-bankgroep is nie, verloor hy daarmee 'n funksie, wat daartoe lei dat minder mense dit hoef te gebruik, wat lei tot 'n houdingsverskuiwing wat die RGN daarvan oortuig dat hy Engels kan word, wat daartoe lei dat minder mense Afrikaans wil leer, wat tot 'n houdingsverandering lei en so aan. Sien u die kettingwerking van die verlies van enige funksie van 'n taal?

## 3. Die bevoordeling van Engels

Een van die groot probleme rondom die hele kwessie van elftaligheid lê vir my juis in die onregverdige voordeel wat Engels hieruit wil trek. Skielik is Engels uitsaaitaal, *lingua franca*, kommunikasietaal en internasionale taal, en dan sommer skielik ook dié taal wat almal dan nou kwansuis verstaan. Die probleem lê na my mening juis in ons, die nie-Engelstaliges van Suid-Afrika (wat toevallig 91% van die Suid-Afrikaanse bevolking is!), se onvermoë om te onderskei tussen die eksterne en interne hoë en lae funksies van taal. Natuurlik is dit so dat Engels wêreldtaal is, natuurlik is dit so dat Engels internasionale handelstaal en wetenskapstaal is. Dit het egter nog nooit in die verlede beteken dat Duits, Frans, of Venda daarom moet ophou bestaan nie. Dat Engels internasionale politieke taal is, beteken dat 'n internasionale politikus Engels moet gebruik as hy met die Ame-

rikaanse politikus of selfs die Duitse een moet praat. Maar hoe dit dan kan impliseer dat die politikus op sy vergadering in Springbok met Afrikaanse mense Engels moet praat, gaan my verstand te bowe. Die interne politieke taal van Springbok is en was nog altyd Afrikaans.

Die internasionale wetenskapstaal mag Engels wees, dit beteken steeds nie dat die Japannese wetenskaplike in Japan ook per definisie Engels moet gebruik nie.

Die interne wetenskapstaal in Suid-Afrika was nog altyd Afrikaans, en dit het die Afrikaanse wetenskaplike nie verhinder om op 'n kongres in Kanada Engels te praat nie. Maar nou wil elke Jan Rap en sy maat voorgee dat hy of sy 'n internasionale wetenskaplike is.

Al is die eksterne taal van Suid-Afrika in hoë mate Engels, mag dit nie beteken dat dit ook vir tien ander grondwetlik erkende ampstale interne taal op watter vlak ook al mag wees nie. As die Staat met Engeland wil Engels praat, beteken dit nie dat 'n Afrikaanse universiteit met die RGN moet Engels praat nie.

Die hele argumentasie rondom Engels se internasionale status word uit verband geruk en dit word sienderoë op ons afgedruk as interne taal vir alles.

Die ergste is dat ons dit net so aanvaar!

Maar jy, Afrikaanssprekende sit en wonder waaroor daar te kere gegaan word?

Die vermindering van Afrikaans as radiotaal het daarom eenvoudig nie nét 'n uitwerking op Afrikaans as radiotaal nie.

En is dit die andertaliges? Is dit die nuwe Grondwet? Beslis nie, dis my en jou se ekskuus-laat-ons-ook-is!

Kom ek probeer verduidelik. In die eerste plek het die Afrikaanssprekende so gewoond daaraan geraak dat die regering, die wet, die owerheid, almal behalwe die individu self, Afrikaans se posisie beskerm en bewaar het. Ons het daaraan gewoond geraak om te sit en kerm oor goeters soos suiwerheid en Anglisismes, en geglo dit red Afrikaans. Nou skielik is die individu die bewaarder van die taal, en dit lyk vir my al of hierdie verantwoordelikheid vir ons te groot geword het. Dit is asof ons skielik bevorder is tot bokant die vlak van ons eie onvermoë, ons weet nie so lekker wat om met die nuwe taalverantwoordelikheid te maak nie.

## 4. Die taalbepalings van die nuwe Grondwet

U sien, mense wat 'n donkerte vir Afrikaans vorentoe sien, het nog nie die taalbepalings van die nuwe Grondwet gelees nie, of hulle wil dit nie aanvaar soos wat dit daar staan nie. Ek glo nie mense besef ooit regtig watter wonderlike regte die

Grondwet aan Afrikaans toeken nie. En selfs twee jaar terug het dit vir baie van ons gelyk of Afrikaans geen reg in 'n nuwe bedeling sou hê nie. Besef u dat Afrikaans sy status as amptelike taal van die nuwe Suid-Afrika behou? Besef u dat Afrikaans in die nuwe Grondwet steeds grondwetlik as ampstaal beskerm word? Natuurlik nou as een van elf tale en nie meer as een van twee nie. Maar die moontlikheid dat hy geen status sou hê nie, was glad nie uitgesluit nie. En dan vir my die heel belangrikste bepaling van die Grondwet is die klousule 3(2), wat bepaal dat die *regte en status van 'n taal* soos wat dit by die aanvang van die Grondwet bestaan, *nie verminder mag word nie*. Dit beteken dat die regte van Afrikaans soos wat dit aanstaande week bestaan, nie verminder mag word nie. En waar dit verminder word, behoort 'n mens goeie regsgronde onder jou voete te hê om dan met so 'n saak hof toe te gaan.

## 5. Taalhandhawing

Die hele punt is dat Afrikaans van hier af vir sy eie voortbestaan verantwoordelik sal wees. Nou waarvoor skrik ons dan?

Dit is nou, van na die verkiesing af (wie ook al wen), wat die handhawing van Afrikaans belangrik gaan word. En laat ek dit sê voordat die verligtes weer 'n aanval iewers kry: ek bedoel die handhawing in die ware sin van die woord. *Handhawing* beteken immers letterlik om in die hand te hou. Dus: hoe nou van hier af verder? Die hele taalaksie moet ingestel wees op die behoud van die aantal mense wat Afrikaans gebruik, die behoud van die funksies van Afrikaans en die herstel van houdings oor Afrikaans. En enige beplanner sal vir jou kan sê: as jou strategie nét op die instandhouding gerig is en nie op verbetering nie, dan sal groei in der ewigheid nie kom nie.

Vra dan nou vir my na die pad van Afrikaans vorentoe, dan sal ek met beslistheid kan sê dat sy pad toekoms toe rooskleurig is, maar dat die kleur daarvan in die hoogste mate deur sy eie vermoë bepaal gaan word. En dit is vir my ons handhawingswerk vorentoe: die instandhouding van ons taalgemeenskapsgrootte en ons funksies, en duidelike strategieë om dit te verbeter.

Afrikaans word deur die nuwe Grondwet die reg gegun om sy eie voortbestaan uit te werk. Maar dit gaan moeite en harde werk wees, want ons sal eenvoudig betyds moet kan sien as Afrikaans, soos oor die afgelope vier jaar, sy status as byvoorbeeld politieke taal of uitsaaitaal ontneem word, ontneem word deur mense wat hulle self Afrikaans noem. Ons sal moet sien as besighede Afrikaans se status en funksies eenvoudig begin inkort.

Moet nou nie vir my kom sê ons kan niks daaraan doen nie! Ons wíl niks daaraan doen nie, want ons wag vir die owerheid om iets daaraan te doen. Die nuwe owerheid moet aan elf tale iets doen, en daar is geen rede om te vermoed dat hy

Afrikaans gaan bevoordeel nie. Inteendeel: hy gaan daarop uit wees om hom te benadeel, maar met die reg van die Grondwet, en sinvolle taallojaliteit aan ons kant móét Afrikaans kan vorder.

Maar dan kan ons nie sit en slaap tot op die dag dat die SAUK-raad se taalkomitee klaar besluit het om Engels uitsaaitaal te maak nie. Ons moet vooruit al hard sê wat gaan gebeur as Afrikaans se status en funksie as uitsaaitaal verminder word, maar dan moet ons self baie duidelik weet wat ons wil laat gebeur. Moenie gelate aanvaar dat alles sienderoë Engels word nie, want as dit gebeur, was dit net ons eie treurigheid se skuld.

Laat ek prakties wees: Ek haal vir u iets aan wat ek self byna tien jaar gelede in 1986 in *Woord en daad* (Jg. 26, nr. 292) geskryf het: "Die Suid-Afrikaanse taalwerklikheid bestaan nie vir die SAUK nie. ... die advertensiemark vee alle argumente vir die gelykberegtiging van Afrikaans van enige tafel af". Vir hierdie selfde sinnetjie, en vir 'n ope brief aan die destydse minister is ek 'van die lug af gehaal'.

Nou, in 1994, kondig die SAUK sonder meer aan dat sy verkiesingsuitslagprogramme dwarsdeur 50% Engels sal wees. Inderdaad: die Suid-Afrikaanse taalwerklikheid bestaan nou nog minder vir die SAUK! Dat byna 60% van die inwoners van Suid-Afrika Engels nie kan verstaan nie, is vir die nasionale kommunikator van geen belang nie. Verder ignoreer die SAUK eenvoudig die letter van die huidige Grondwet, en hy steur hom nie aan die gees of die letter van die nuwe Grondwet nie! Die uitsaairegte en die status van Afrikaans word verminder en klaar. Verder sit die SAUK-raad se taalkomitee nou reeds byna 'n jaar en broei op 'n sogenaamde taalbeleid, maar hulle kom tot geen uitsluitsel nie, want teen die inwerkingtreding van die nuwe Grondwet gaan Afrikaans geen uitsaaireg meer hê wat verminder kan word nie! Dié taalkomitee vra voorleggings oor 'n taalbeleid, en hulle kry 'n stuk of veertig, maar die oorweldigende reaksie van Afrikaanssprekende kant pas nie by wat hulle blykbaar vooraf oor taalbeleid besluit het nie. Hulle erken nie eers ontvangs nie, en jy kan maar reaksie in die openbaar vra, die groot kommunikator ignoreer die basiese reëls vir kommunikasie en vir goeie maniere!

Hou op om Afrikaans uit 'n toekoms uit te loop en beskinder, hou op om Afrikaans uit 'n voortbestaan uit te hensop en hou veral op om Afrikaans te begrawe nog lank voor hy siek geword het.

Afrikaans se toekoms is so blink soos wat sy mense hom wil hê, maar hou dan op piep oor sy agteruitgang, doen iets vir sy vooruitgang.